2014 VELDTOG TEMA

Van Vrede in die Huis tot Vrede in die Wêreld: Staan op teen Militarisme en Eindig Geweld Teen Vroue!

Die 16 Dae van Aktivisme Teen Geslagsgebaseerde Geweld Veldtog duur voort met die tema **"Van Vrede in die Huis tot Vrede in die Wêreld: Staan op teen Militarisme en Eindig Geweld Teen Vroue!"** in 2014. Die 16 Dae Veldtog bepleit bewustheid en aksie rakende die veelsydige kruispunte van geslagsgebaseerde geweld en militarisme, en beklemtoon ook die verband tussen die stryd vir ekonomiese en sosiale regte en beëindiging van geslagsgebaseerde geweld.

Die tema fokus op hoe militarisme 'n kultuur van vrees skep en normaliseer, ondersteun deur die gebruik of dreigement van geweld, aggressie asook militêre ingryping in antwoord op politieke en sosiale dispute of om ekonomiese of politieke belange af te dwing.

Die 16 Dae Veldtog sal fokus op drie areas van prioriteit, terwyl dit die kruispunte van ekonomiese en sosiale regte met militarisme en geslagsgebaseerde geweld onderstreep.

1. **Geweld Gepleeg deur Staatspelers:** Staatspelers gebruik die dreigement of uitvoer van geweld om mag te behou of te bekom.
2. **Vermeerdering van Handvuurwapens in Gevalle van Intieme Lewensgenoot Geweld:** Intieme lewensgenoot geweld duur voort om plaas te vind in elke deel van die wêreld, met die meerderheid van die wêreld se vroue wat geweld deur 'n intieme lewensgenoot ervaar op een of ander tyd in hulle lewens.
3. **Seksuele Geweld Tydens en Na Konflik:** Geweldadige konflik verhoog vroue en meisies se kwesbaarheid, waar verkragting, seksuele slawerny, verminking, geforseerde swangerskap en geforseerde "huwelik" meer voorkom.

"CENTER FOR WOMEN'S GLOBAL LEADERSHIP (CWGL)"

CWGL is gestig in 1989 en koördineer die 16 Dae Veldtog sedert die veldtog se ontstaan in 1991. Dit is geleë in die Skool van Kuns en Wetenskap by die Rutgers Universiteit in New Jersey, VSA.

CWGL se missie is om vroue leierskap te ontwikkel en fasiliteer vir vroue se menseregte en sosiale geregtigheid wêreldwyd. Die Sentrum werk om:

- Ekonomiese en sosiale regte van 'n feministiese perspektief te bevorder;
- Geweld teen vroue te beëindig en die verband met militarisme uit te lig;
- Koalisies te bou en kapasiteit te vergroot rondom dringende kwessies wat krities is vir die globale vroue beweging om beleidsverandering op nasionale en internasionale vlakke te verseker.

Vir meer inligting, besoek die CWGL webwerf: http://cwgl.rutgers.edu.

Center for Women's Global Leadership
School of Arts and Sciences
Rutgers, The State University of New Jersey
160 Ryders Lane
New Brunswick, NJ 08901-8555 USA

RUTGERS
School of Arts and Sciences

16 DAE VAN AKTIVISME TEEN GESLAGSGEBASEERDE GEWELD VELDTOG

Van Vrede in die Huis tot Vrede in die Wêreld: Staan op teen Militarisme en Eindig Geweld Teen Vroue!

Die 16 Dae van Aktivisme Teen Geslagsgebaseerde Geweld Veldtog is 'n globale veldtog wat daaraan toegewyd is om geslagsgebaseerde geweld te beëindig. Dit vind elke jaar plaas vanaf 25 November: Internasionale Dag vir die Eliminering van Geweld Teen Vroue, tot 10 Desember: Menseregtedag.

Gekoördineer deur die "Center for Women's Global Leadership", het die Veldtog deelname van meer as 5,167 organisasies in 187 lande gesien sedert 1991.

Die 16 Dae Veldtog is toegewyd daaraan om:

- Bewustheid te skep oor geslagsgebaseerde geweld as 'n menseregte kwessie;
- Plaaslike werk rondom geweld teen vroue te versterk;
- 'n Forum te verskaf vir die ontwikkeling en deel van strategieë;
- Die solidariteit van aktiviste regoor die wêreld te demonstreer; en
- Regerings aan te spoor om te reageer en op te tree teen geweld teen vroue.

http://16dayscwgl.rutgers.edu

HOEKOM GESLAGSGEBASEERDE GEWELD?

"[…] geweld teen vroue is 'n oortreding van basiese menseregte en is 'n struikelblok vir die bereik van die mikpunte van gelykheid, ontwikkeling en vrede."
– Beijing Deklarasie en Platform vir Aksie (1995)

Wat is Geslagsgebaseerde Geweld?

Geslagsgebaseerde geweld is 'n diepgaande oortreding van menseregte, 'n publieke gesondheidskrisis, en 'n struikelblok tot gelykheid, ontwikkeling, sekuriteit, en vrede. In 1993 het die Verenigde Nasies Deklarasie op die Eliminering van Geweld teen Vroue, geweld teen vroue gedefinieer as "enige daad van geslagsgebaseerde geweld wat lei tot of moontlik kan lei tot fisiese, seksuele, of psigologiese skade of lyding vir vroue, insluitend dreigemente van sulke dade, dwang of willekeurige ontneming van vryheid, in publieke of privaat lewe." Die terme "geweld teen vroue" en "geslagsgebaseerde geweld" word gebruik om te verwys na die verskeidenheid mishandelinge wat gepleeg word teen vroue en mans wat voortspruit uit geslagsongelykheid, oortuigings rakende geslagsrolle, en vroue se ondergeskikte status in die samelewing relatief tot mans.

- Die Wêreldgesondheidsorganisasie beraam dat ten minste een uit elke drie vroue wêreldwyd geslaan, verkrag of andersins mishandel sal word gedurende haar leeftyd. In meeste gevalle is die mishandelaar 'n lid van haar eie familie.[1]
- Navorsing wys dat die besit van 'n handvuurwapen in die huis die algehele risiko dat iemand vermoor kan word, met 41% verhoog; vir vroue in besonder is die risiko amper driedubbel.[2]

[1] Wêreldgesondheidsorganisasie. (2005) "WHO Multi-Country Study on Women's Health and Domestic Violence against Women: Initial Results on Prevalence, Health Outcomes and Women's Responses." Beskikbaar by: http://www.who.int
[2] Wiebe, D.J. (2003) 'Homicide and Suicide Risks Associated with Firearms in the Home: A National Case Control Study', Annals of Emergency Medicine, Volume 41, American College of Emergency Physicians. Available at: http://parliamentaryforum.org/sites/default/files/2%20-%20Violence_against_women_and_salw_parliamentary_handbook.pdf

VELDTOG DATUMS

Die 16 Dae Veldtog het in 1991 begin, en gebruik die 16 dae tussen Internasionale Dag vir die Eliminering van Geweld Teen Vroue (25 November) en Menseregtedag (10 Desember) om te beklemtoon dat dade van geslagsgebaseerde geweld menseregteskendings is, en dat die eliminering van alle vorme van geslagsgebaseerde geweld 'n menseregte kwessie is.

25 November: Internasionale Dag vir die Eliminering van Geweld Teen Vroue. Die Veldtog begin op 25 November met 'n oproep vir verhoogde aandag op geslagsgebaseerde geweld. Die datum is gekies in eer van die Mirabal susters, wat in 1960 vermoor is deur die diktatorskap van Rafael Trujillo in die Dominikaanse Republiek. In 1999 is 25 November offisieel erken deur die Verenigde Nasies.

10 Desember: Menseregtedag is 'n viering van die 1948 aanneming van die Universele Deklarasie van Menseregte. Die Veldtog gebruik Menseregtedag as 'n geleentheid om die ondertekening van hierdie geskiedkundige dokument te herdenk, en om die beginsels wat dit voorstaan te bevorder.

29 November: Internasionale Vroue-menseregteverdedigersdag, 'n dag om erkenning te gee aan vroue-menseregteverdedigers, en om aktivisme, bevordering en moedige dade van weerstand te herdenk.

6 Desember: Die Montreal Slagting, ter herinnering aan die 1989 geslagsgebaseerde moord van 14 vroulike studente van die Universiteit van Montreal se Skool van Ingenieurswese.

Addisionele Datums

- **29 November:** Internasionale Dag van Solidariteit met die Palestynse Volk
- **1 Desember:** Wêreld VIGS Dag
- **2 Desember:** Internasionale Dag vir die Afskaffing van Slawerny
- **3 Desember:** Internasionale Dag van Gestremde Persone

RAAK BETROKKE

Begin Jou Eie Veldtog!

Die 16 Dae Veldtog is oop vir aktiviste wêreldwyd, en die "Center for Women's Global Leadership (CWGL)" moedig deelnemers aan om in te skakel by die Veldtog se tema, *Van Vrede in die Huis tot Vrede in die Wêreld: Staan Op Teen Militarisme en Eindig Geweld Teen Vroue!*, op maniere mees gepas tot jou konteks.

Ons Ondersteun Jou!

- **Neem Aksie Pak:** Elke jaar produseer die CWGL 'n Neem Aksie Pak wat deelnemers kan gebruik om te help met die beplanning van hul eie Veldtog aktiwiteite. Laai die Neem Aksie Pak-materiaal af of versoek 'n drukstuk: http://16dayscwgl.rutgers.edu

- **Aanlyn Veldtog Kalender:** Gebruik die 16 Dae Veldtog Kalender om te soek vir deelnemende organisasies in jou area, of deel jou eie inisiatiewe: http://16dayscwgl.rutgers.edu/campaign-calendar

Bly Ingeskakel!

- **Web:** http://16dayscwgl.rutgers.edu
- **E-pos:** 16days@cwgl.rutgers.edu
- **Sluit aan by die 16 Dae Listserv:** https://email.rutgers.edu/mailman/listinfo/16days_discussion
- **Facebook ondersteunersblad:** http://www.facebook.com/16DaysCampaign
- **Twitter:** #16days; @16DaysCampaign; @CWGLRutgers
- **Flickr**: http://www.flickr.com/photos/16dayscampaign
- **Skype:** cwgl_16days
- **Tumblr:** http://cwgl.tumblr.com/